



AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# Die nasionalisme van NP van Wyk Louw

CAREL BOSHOFF

Intreerede as NP van Wyk Louw-ereleerstoel in kultuurstudie, Voortrekkermonument  
(Kruger-galery), 28 Oktober 2021

## 1. Inleidend

### RENBOOT

My boot skiet rasend oor die see,  
die vrees vlieg soos h wit voël mee:

moet hy nie sink as hy gaan staan?  
(iets donkers gryp-gryp onderaan).

My vaart is wankel ewewig  
tussen swart see en hoë lig.

NP van Wyk Louw, 1939

"Kennis" help nie as iemand dit nie weet nie. Daarom moet dit gedeel word – gegee én ontvang word. Dit geld vir vakkennis en vaardigheid, maar meer nog vir lewenskennis, want in ons tyd verbeel mense hulle dat jy ewe goed daarsonder oor die weg kan kom. En omdat niemand alleen kan lewe nie, behoort dit wat ons as lewenskennis kan beskryf by uitstek aan mense-in-gemeenskap – en vir ons behoort dit tot h baie groot mate tot ons volk en tot die gesprek wat oor geslagte heen strek.

Daarom dat hierdie geleentheid, in hierdie lokaal, met hierdie simboliek, met hierdie eiesoortige skoonheid, met hierdie mense bymekaar van sulke groot betekenis is – vir my amper intimiderend groot. Waar h nuwe geslag Afrikaanse skrywers in die 1960's hulle stem vind, maar deur toenemende voorskrif en sensuur bedreig word, beskou Van Wyk Louw dit as een van die lewensgevaare vir die Afrikaner: dat te veel van sy beste geeste hulleself nie meer sal tuis vind in hulle volk nie en hulle rug daarop sal keer.

Ons het die afgelope dekades om verskillende en soms teenstrydige redes van ons beste mense vervreem en verloor, en dan was ons om mee te begin al min. Ons het nog minder geword, maar met wat vanaand hier gebeur – hierdie puntjie van die ysberg, hierdie neus van die krokodil wat dalk soos blare op die water lyk, met ander woorde met wat hier gebeur én alles wat die gebeure hier moontlik maak: die FAK, die Voortrekkermonument, hierdie uitstalling, hierdie Erfenissentrum, Akademia, die Solidariteit Beweging, die Vryheidstigting – met wat vanaand hier gebeur só beskou, is ons nie té min nie.

Ons is genoeg om die erfenis wat aan ons toevertrou is nie net te beskerm nie, maar ook te vernuwe – om te ontvang het en om op ons beurt weer te gee. Wat my by die volgende persoonlike kwalifikasie bring: Mens weet nooit alles nie en kan ook nie wag totdat jy alles weet voordat jy praat nie. Jy praat vanuit jou ervaring en leefwêreld, en wat jy sê word deur die egtheid van jou vraagstelling, die eerlikheid van jou denke, jou openheid jeens die werklikheid en die bereik van jou verwysings bepaal. Dít eerder as dat ek naastenby alles wat deur Louw of oor die nasionalisme gesê is, weet of verstaan, gee my die selfvertroue om vanaand oor Die nasionalisme van NP van Wyk Louw iets te sê.

Om die inleiding af te sluit wil ek verklaar dat ek, hoe langer hoe minder oor hierdie lesing as h selfgenoegsame eenheid en h voltooide taak kon dink. Hoe verder ek daaraan gewerk het, hoe meer moontlikhede het oopgegaan, en hoe meer het die buitelyne van h groter ontwerp verskyn, een wat inderdaad by Louw se nasionalisme begin, maar wat van daar af agtertoe en vorentoe, en selfs boontoe en ondertoe uitstrek. Die breë omlýning behels dan h projek wat, Deo volente, in die volgende jare ses kwessies gaan aanpak, naamlik:

Die nasionalisme van NP van Wyk Louw – as verkenning en begin;

Die (voorafgaande) opkoms van h Afrikaanse nasionale bewussyn – waaroor daar tydens die hoogbloei van Afrikanernasionalisme belangrike werk deur historici soos FA van Jaarsveld en GD Scholtz gelewer is, sowel as vroeë formulerings deur nasionaliste soos Tobie Muller en prof NJ Brummer, wat in ons tyd wag om herontdek te word;



ἡ Teoretiese raamwerk vir besinning oor nasionalisme as verskynsel – waarby skrywers soos Yoram Hazony, Hans Kohn, Walker Connor, Benedict Anderson, Ernest Gellner, Hugh Seton-Watson, ens. se werk ter sprake moet kom;

Taalnasionisme en staatsnasionisme in Suid-Afrika en onder Afrikaners – wat meer eietydse werk, byvoorbeeld deur Jaap Steyn en Hermann Giliomee, behandel, maar wat ook die groot, onvoltooide gesprek tussen Louw en Verwoerd aansny;

Die ondergang en opkoms van die nasionale gedagte in Suid-Afrikaanse politiek – wat in besonder op die politieke ontwikkeling en verwickelings van die afgelope 30 of 40 jaar sal fokus; en

Die inhoud en vorm van Afrikanernasionisme in die een en twintigste eeu – met ander woorde hoe Afrikaners as nasionale kultuurgemeenskap op die werklikhede van ἡ sentralistiese eenheidstaat antwoord.

Laat ek dus, tot oormaat van helderheid, beklemtoon: hierdie lesing handel nie oor NP van Wyk Louw nie, dit is nie ἡ gedenklesing nie – hoeveel meriete daar ook al in sulke huldiging mag wees. Hierdie lesing handel oor ἡ onderwerp waarmee Louw, as een van die belangrikste Afrikanerdenkers, hom op verskillende maniere deur sy hele lewe besig gehou het, ἡ onderwerp wat onder Afrikaners nie meer met die vrymoedigheid van ἡ geslag of twee gelede bespreek word nie en nog minder toegeëien word. Die onderwerp is nasionalisme en dit word behandel aan die hand van ἡ hoogstaande Afrikaanse denker wat sy eie verbintenis daarmee bevestig het én daarvoor kon dink, skryf en praat. Sy denke word nog voortdurend in publikasies en deur instellings soos Akademia, die FAK, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Vryheidstigting, aan universiteite en deur jong denkers in groepe en apart, ondersoek en bespreek. By hierdie geleentheid word vanuit ons besonderse omstandighede gevra wat sy bykans eeu-oue nalatenskap nou vir ons te sê het.

## 2. Begripsomlyning: nasionalisme, tradisie

Die eerste en belangrikste vraag is natuurlik wat binne hierdie verband met die begrip nasionalisme bedoel word, want almal weet dat dit ἡ woord is wat op ἡ enger of ἡ ruimer manier gebruik kan word. Eng gesproke kan nasionalisme as die ideologie beskou word waarvolgens ἡ kultuurgemeenskap staatlke uitdrukking aan sy bestaan moet gee. Dit vind dan neerslag in ἡ party en program in diens van omlynde politieke en staatkundige doelwitte soos eentaligheid, sentralisering van mag, ekonomiese opheffing, volksverteenvoording en territoriale soewereiniteit – eienskappe van die moderne, meestal Europese nasiestaat.

Dit sluit ook die moontlikheid van ἡ vreemde ommekeer in, naamlik dat so ἡ nasionale staat, wat die uitdrukking van ἡ dominante kultuurgemeenskap is, die inlywing, en dus die miskennings van nedominante minderheidsbevolkings binne die staatsgebied kan probeer bewerkstellig. So ἡ poging kan natuurlik slaag, of dit kan tot die opkoms van ἡ nasionale bewussyn onder die betrokke minderheidsbevolking lei, wat op sy beurt erkenning in die vorm van staatskap begin nastreef. Konseptueel kan dit soos die towenaar se besem wees wat tot in die oneindige verdeel word en amok maak.

Dat die ideologiese nasionalisme van beide meerderhede wat minderhede inlyf (bv. Frankryk in die 1800's), én minderhede wat die staatsorde bedreig met die oprigting van onlewensvatbare klein state (bv. die Balkan na WO I), daarvan ἡ ongewilde ideologie gemaak het, is nogal begryplik. Maar die rol van nasionaal-sosialisme en fascisme in die aanloop tot en afloop van WO II, het van dié ongewildheid ἡ morele verpligting gemaak. Van nader beskou was dit nie sonder ἡ element van antinasionalistiese opportunisme nie, want soos die term aandui, was nasionaal-sosialisme eerder ἡ gekwalifiseerde vorm van sosialisme, en was dit eerder die ekspansionistiese aard en aspirasie van die sosialisme as die identiteitsaard van die nasionalisme wat verdien het om veroordeel te word. Hoe ook al, daarna sou Europese nasiestate nie meer as model vir die globale staatsorde dien nie en het liberale strategieë om multinasionale state, met behulp van menseregte en minderheidsregte, vreedsaam in te rig en te demokratiseer, algemeen posgevat.

Die enger ideologiese betekenis van nasionalisme het, buiten waar dit in omgekeerde sin in diens van die nasionale eenheid binne veelvolkige state gestel kan word en "nasiebou" genoem word, in die gevestigde stategemeenskap in onguns verval. En dat die gevestigde stategemeenskap ἡ selfdienende houding inneem teenoor enige verandering wat hulle belange kan bedreig, vind ons byvoorbeeld poëties terug in Louw se drama Die pluimsaad waai ver waar pres. Steyn sê: "Die wêreldgewete is ἡ hoer. Dit kan gekoop word. En óns koop nie!" – ἡ stelling waarvan die onkiesheid vir die skrywer kritiek uitgelok het, hoewel vanuit geleedere wat hulle eerder oor die waarheid as die preutsheid van die stelling kon bekommer.



Belangriker is egter dat daar ook 'n ruimer betekenis van die woord *nasionalisme* is, en dat dit die sin is waarin Louw dit meestal gebruik. Dit kom daarop neer dat 'n taal- of kultuurgroep bewus word van 'n onderlinge band en belang – en mettertyd van 'n veelheid van belange – wat bo plaaslike gemeenskappe uitgaan, wat skaalvoordele inhou indien dit suksesvol gemobiliseer sou word, en wat tot politieke magsfaktor gemaak kan word, sodat die hele taal- of kultuurgemeenskap se posisie by wyse daarvan verbeter kan word. Die ruimer betekenis van nasionalisme staan dus nie vreemd van die politiek en die staatkunde nie, maar is tegelyk ook nie tot party en program te reduseer nie.

Om die waarheid te sê, die Britse politieke filosoof Michael Oakeshott se gebruik van die woord *tradisie* in sy opstel "Introduction to Leviathan" het my aan Louw se hantering van nasionalisme laat dink. Dit word hier buite konteks aangehaal, want Oakeshott gebruik dit om aan te toon waarom Thomas Hobbes se belangrike werk van 1651 as meesterstuk beskou moet word – daarom nie op sy gesag nie, maar in sy woorde (my vertaling): "... dit behoort tot die aard van 'n tradisie om interne verskeidenheid te verdra en te verenig, om nie aan te dring op eenvormigheid volgens 'n enkele patroon nie, ... en daarby het [n tradisie] die vermoë om te verander sonder om sy identiteit te verloor."

Wat Louw as sy nasionalisme beskryf en bedryf het, is na my oordeel niks minder nie as die geloof in, die soeke na en die inkleding van 'n eie en egte Afrikanertradisie. Hoewel dit inderdaad politieke implikasies het, is veral die kulturele, maar ook die ekonomiese aspekte daarvan vir hom belangrik. Dit is vir hom 'n ontdekking, 'n ontginning en 'n veredeling van potensiaal wat in die Afrikaner se geskiedenis en identiteit opgesluit gelê het, maar wat nie uit eie beweging aan die lig sou tree nie – daarvoor was die ywer en aktiwiteit wat deur nasionalisme ontsluit word, nodig.

Louw behandel nasionalisme ook nie as 'n ideologie nie – en sekerlik nie net omdat dit in sy ideologiese blindokol lê nie, daarvoor was hy 'n heeltemal té 'n gesofistikeerde denker. Wanneer hy op sy lewenswerk terugkyk en voer hy aan hy "het daartoe gekom om sonder die bril van 'n enkele -isme die wêreld met 'n skoon oog te bekyk", is dit nie omdat hy nie lewensbeskouings aangehang het nie, maar eerder omdat hy aanhou vra het "Wat is wáár? Wat kan ek wéét, wat kan ek glo? Waaraan kan ek vashou?" En waar hy die ideologieë noem, vermeld hy "konserwatisme, liberalisme, kommunisme ..." en nie nasionalisme nie – na my mening omdat die betekenis daarvan vir hom nie nét die van 'n ideologie, van party en program was nie, maar ook van iets meer algemeen menslik, iets soos 'n antwoord op die vraag: "Waar kom jy vandaan?"

Só beskou hou 'n *tradisie* van *nasionalisme* die moontlikheid in om aan ons 'n soort vloeibare vastigheid te gee wat juis danksy die oënskynlik teenstrydige aard daarvan voortgang aan ons identiteit kan gee, nie ten spyte van die veranderinge wat dit ondergaan nie, maar danksy dié veranderinge. So 'n tradisie kan, onder dieselfde naam, selfs in stryd met ideologiese nasionalisme tree omdat dit nie net verskeidenheid verenig nie, maar tegelyk nie op eenvormigheid volgens 'n enkele patroon aandring nie en die vermoë het om te verander sonder om sy identiteit te verloor. Louw se latere verhouding met die Nasionale Party-establishment van sy tyd, illustreer die punt.

### 3. Begripsomlyning: *kultuur, kritiek, kultuurstudie*

Die tweede en derde vrae, naamlik dié na *kultuur* en na *kritiek* en *kultuurstudie* kan baie korter beantwoord word. Gegewe die belang en omvang van verwysings na beide *kultuur* én *kritiek* in Louw se prosa, is dit onderwerpe wat al baie aandag geniet het en waaroor hier met enkele sinne volstaan kan word. Die feit dat hierdie die bekendstelling van 'n ereleerstoel in kultuurstudie of -kritiek op die oog het, bring egter mee dat dit nie sonder toeligting uitgelaat kan word nie. (Nadat daar in die beplanning van die ereleerstoel eers na *kultuurkritiek* verwys is, is later besluit om dit as *kultuurstudie* te beskryf.)

In navolging van Louw se benadering word *kultuur* hier nie in die breedste sin as alle menslike aktiwiteit, alle inwerking op die natuur, beskou nie, maar as onderskeidende en onderskeibare menslike handeling en die vrug daarvan. Dit het tegelyk 'n aristokratiese en 'n demokratiese kant, maar uit albei oogpunte is dit hoogkultuur. *Aristokraties* in die sin dat dit allermens op populariteit gerig is, maar eerder dat die strewe na die skone, die goeie en die ware daarin teregkom. *Demokraties* in die sin, ook nie van populisme nie, maar van toeganklikheid, van die besonderheid en plaaslikheid waarin die skone, die goeie en die ware in 'n volk se taal en kultuur teregkom. Daarom ook die besondere waarde wat hy aan die literatuur heg, nie net omdat hyself as digter nader daaraan staan nie, maar eerder omdat die letterkunde, meer as byvoorbeeld die vertolkende of beeldende kuns, in ons geval spesifiek Afrikaans is. Só gesien is die aristokratiese en demokratiese impulse dus nie in konfrontasie met mekaar nie, maar in noodsaaklike en skeppende spanning, uiteindelik in samehang, aanvullend tot mekaar en deel van dieselfde geheel.

*Kritiek* beskryf Louw weer as nadenke, wat ontleding én waardering behels, oor kunswerke en kultuurprodukte, maar ook die nadenke oor die nadenke, die tweede refleksie. Daarom ook dat die oorgang van *kultuurkritiek*, wat inderdaad 'n beperkte akademiese en selfs ideologiese strekking kan hê, na *kultuurstudie*, wat 'n meer algemene inslag het, vanpas is. Net as ons nadenke ook aan ontleding en waardering onderwerp word, sal dit vorder op die pad van verfyning, word dit die "bouwerk van die gees, wat sy geldigheid alleen met verloop van baie tyd kry – die estetiese bewussyn van die volk." Dieselfde geld ook vir die etiese en epistemologiese bewussyn van die volk, al noem hy dit nie by name nie.

*Kultuurstudie*, dit wat Akademia die grasia gehad het om aan my op te dra, kan dus kortliks beskryf word as: die denke en nadenke oor die inhoud, samehang en spanning van die geestesaktiwiteit wat dit vir 'n kultuurgemeenskap moontlik maak om op ons besondere manier aan die algemeen menslike strewe na die skone, die goeie en die ware deel te neem.



#### 4. Kenmerke van Louw se nasionalisme

Pas voordat ek besef het dat ek Jaap Steyn se voortreflike biografie van Louw weer sal moet lees, het die gedig *Renboot* (1939) as metafoor van sy nasionalisme my getref. Sekerlik nie as sodanig bedoel nie en ná die herlees van sy biografie ook nie meer so ondubbelsinnig in my gemoed nie, is ek tog van mening dat dit 'n kostelike perspektief op Louw se politieke denke open:

My boot skiet rasend oor die see,  
die vrees vlieg soos 'n wit voël mee:

moet hy nie sink as hy gaan staan?  
(iets donkers gryp-gryp onderaan).

My vaart is wankel ewewig  
tussen swart see en hoë lig.

Wat nou volg, is 'n oorsigtelike vertolking van Louw se nasionalisme aan die hand van sy lewensverhaal – wat mens deur die menslikheid daarvan eerder afgetrokke van die persoon kan laat voel, die "mens agter die boek" van wie jy terugskouend eerder minder sou wou geweet het, en aangetrokke tot die werk wat hy verrig het. Hy is naamlik 'n landmerk in ons geestelike landskap omdat hy in staat was om oordele te vel en vir ander die weg van oordeel te baan – wat die grondslag van kultuurkritiek uitmaak.

Die **eerste** van vier spanningsvelde aan die hand waarvan Louw se nasionalisme verstaan moet word, is dié tussen miskennings en selfbevestiging en is eie aan die twintigerjare van die vorige eeu. Dit speel af teen die agtergrond van die Louw-gesin se verhuising vanaf die oer-Afrikaanse Sutherland na die Engelse, selfs jingoïstiese Kaapstad, ter wille van die kinders se verdere opvoeding. Sy ouers was welgesteld en deel van 'n gevestigde familie wat in die streek van hulle herkoms aansien geniet het, en wie se verstekposisie sedert Uniewording (1910) ondersteuning aan generaals Botha en Smuts se Suid-Afrikaanse Party was.

Die Louw-seuns se ervaring was die teenoorgestelde, dié van miskennings en vernedering – al sy dit nie persoonlik nie, dan van die groep waartoe hulle behoort. Louw kies uitdruklik en met oorgawe vir selfbevestiging as Afrikaner en ten gunste van nasionalisme en van 'n selfstandige Suid-Afrika, en teen imperialisme met Suid-Afrika as koloniale satelliet van Groot-Brittanje. Die keuse word nie deur 'n berekening van pro- en contra-oorwegings, iets wat 'n gesofistikeerde rekenaarprogram vandag sou kon doen, onderlê nie, maar deur 'n oordeel.

Die beste uiteensetting daarvan vind ons dan ook in sy (heelwat latere) behandeling van 'n **tweede** spanningsveld, naamlik die tussen "Uithoek en middelpunt", oftewel die bevestiging van eie, en gevolglik verskeie kultuurbronne in die wêreld, teenoor die verlange na 'n betekenisgewende sentrum buite die eie kultuur met al die selfvernietigende implikasies wat dit het. Dit is twee onderskeide wat vandag nog geld en 'n keuse wat in beginsel steeds en met oorgawe gehandhaaf kan word. Om die waarheid te sê, om vandag ten gunste van die universalisme en ten koste van die eie te wil kies, sou op 'n eerlose verraad teen 'n trotse erfenis neerkom en sou ons geslag Afrikaners nie waardig wees nie.

Louw se opstel oor "Uithoek en middelpunt", wat teen die agtergrond van destydse dekolonisering geskryf is en verstaan moet word, vind opvallend weerklank in Yoram Hazony se onlangse en genuanseerde behandeling van nasionalisme, waar hy as eerste onderskeid die verskil tussen 'n voorkeur vir verskeidenheid en besonderheid, en 'n voorkeur vir universalisme en eenselwigheid uitwys. Die eerste vind uitdrukking in 'n wêreldwye staatsorde van nasionale state wat aan 'n verskeidenheid van nasionale tale, kulture, tradisies en geskiedenis uitdrukking gee en wat in die era tussen die Vrede van Wesfale en die nadraai van die Tweede Wêreldoorlog die botoon gevoer het. Die tweede is tipies die poging om 'n wêreldwye orde vir die hele mensdom te stig, wat met die oog op vrede en voorspoed en aan die hand van 'n universele geloof of oortuiging ingerig word.

Voorbeelde uit die geskiedenis sluit in die Assiriese, Babiloniese, Romeinse en Britse ryke in en vandag sien hy dit in die universalisering en globalisering van liberale individualisme wat, soos met die Franse Rewolusie, een beeld van menslikheid aan almal wil oplê, en soos met dieselfde Rewolusie, dit met Jakobynse ywer op almal wil afdwing. Vir Hazony is die Europese Unie vandag by uitstek die vaandeldraer van sulke imperialisme, en volg dit, ironies genoeg, in die voetspore van die Ryksdenke wat Duitse nasionaal-sosialisme in die 1930's gedra het. Soos Hazony s'n is Louw se nasionalisme, so beskou, in werklikheid 'n beter draer van liberaliteit, van 'n sin vir vryheid, as die universalistiese individuele liberalisme wat poog om ons sin vir vryheid te monopoliseer.

Die **derde** spanningsveld sluit ten nouste by die eerste aan, beide histories én konseptueel, maar dit het op 'n meer problematiese keuse uitgeloop. Nasionalisme is tipies 'n moderniserings- en opheffingsideologie en dit kon kwalik anders as dat iemand met 'n duidelike nasionale bewussyn iets soos die destydse "armblanke-vraagstuk" met 'n beroep op nasionalisme tegemoet sou gaan. Dit, saam met 'n solidêre houding jeens 'n verarmde arbeidersklas wat aan die Witwatersrand nie net aan Brits/Joodse kapitaalbelange onderwerp is nie, maar ook deur 'n imperialistiesgesinde Smuts-regering in hulle opstand daarteen gewelddadig onderdruk is, berei Louw se gemoed voor vir 'n groter waardering vir Duitse nasionaal-sosialisme as waarmee hy later gemaklik sou wees.



Bygesê dat sy simpatie met die nasionaal-sosialisme nie verder gestrek het as die intra-Duitse belang wat dit voorgegee het om te dien nie, en dat hy toenemend daarvan afstand geneem het namate dit 'n eie soort imperialisme geword het. Boonop het hy dit op die duur nie moeilik gevind om hom daarvan los te maak nie omdat hy nooit die nasionaal-sosialisme aangehang het nie, maar eerder deur sy eie sosiale nasionalisme betreklik gunstig daarteenoor gestem was. Namate die opheffing van die armblankedom egter geslaagd was, het hy ook van die sosiale nasionalisme afgestap. Hierop het 'n belangrike oorgang gevolg.

As die eerste drie spanningsvelde deur die verhouding tussen Afrikaners en Engelse in Suid-Afrika omlyn is, kom daar by die **vierde** spanningsveld 'n nuwe faktor in die spel. Teen hierdie tyd is die Nasionale Party, wat Louw deurgaans ondersteun het, aan bewind en ná byna twee dekades se opheffingswerk is goeie vordering met die uitwissing van Afrikanerarmoede gemaak. Daar is selfs sprake van 'n merkbare Afrikanerwelvaart – en waarskynlik "nuwe geld" – waaroor Louw hom uiters skepties uitgespreek het. Afrikaners se politieke dominansie het hulle verhouding met die Engelse bevolking op 'n nuwe en gunstiger voet geplaas, maar die vraag van die swart bevolking se politieke regte en aansprake het Afrikaners voor 'n nuwe uitdaging gestel. Blote segregasie en ongelykheid sou nie veel langer gehandhaaf kon word nie en Louw het die eise van die tyd in sy frase *voortbestaan in geregtigheid* saamgevat.

Die eis om voortbestaan in geregtigheid het, soos sy nasionalisme deurentyd, op 'n wederkerige erkenning van bestaansreg en -ruimte berus. *Geregtigheid* sou na sy oordeel netso min deur swart magsoorname as deur voortgesette blanke oorheersing in 'n eenheidstaat gedien word. Die Suid-Afrikaanse staatskonstruk sou afgebou en op nuwe fundamente heropgebou moes word. Daarin het hy aansluiting gevind by die werk van 'n bekende Suid-Afrikaanse liberaal, prof. Alfred Hoernlé, wat in sy toonaangewende Phelps-Stokes-lesings aan die Universiteit van Kaapstad in 1939, wat later gepubliseer is, die moontlikheid van radikale gebiedsverdeling van Suid-Afrika as die enigste liberale oplossing vir die impasse waarin die land toenemend sou verkeer, voorgelê het.

Louw se antwoord op die vierde spanningsveld sou steeds nasionalisme wees, hoewel nou *liberale nasionalisme*. Saam met die retoriese verskuiwing vanaf die aristokratiese ideaal na die intellektueel as ideaaltipe en sy inkleding daarvan, sou die beweging van sosiale na liberale nasionalisme Louw vierkantig in die geselskap van "verligte" Afrikaners plaas. Bygesê dat dit in hierdie verband op veel meer as net 'n handige en neerbuigende klein politieke verdelingslyn dui, maar daarenteen op 'n egte toeëiening van die beste elemente van daardie dubbelsinnige Westerse kultuurprestasie, naamlik die Verligting of Aufklärung wat ons, onder Louw se leiding, kan verbind met denkbeelde soos "om elke saak altyd alleen op meriete te beskou", "jou mening nooit verder te laat strek as die bewese feite waaroor jy beskik nie", "jou eie mening altyd jaloers-krities te ondersoek" en "nie bang te wees vir 'n waarheid nie, al bring dit vir jou nadeel".

En lees mens daarby voorbeelde van die kritiek wat in die Pluimsaad-polemiek, wat op die destydse eerste minister, dr HF Verwoerd, se kritiek teen die toneelstuk gevolg het, teen Louw uitgespreek is, dan vind mens dit moeilik om die term verkramp nie ook met meer begrip te bejeën nie! Die gevolglike beeld van Verwoerd as dat hy aan te veel verkramptheid eerder as te veel verligting gelyk het, staan op sy beurt in die weg van 'n betekenisvolle kritiek op Verwoerd, soos prof. Danie Goosen in sy Verwoerd-gedenklesing in 1999 aangetoon het. Maar dit is 'n gesprek vir 'n ander keer. Die belangrike punt is hier dat Louw hom tot liberale nasionalisme en nié tot nasionale liberalisme gewend het nie. Dalk is dit dié belangrikste punt sover dit Van Wyk Louw aangaan!

## 5. Die -eit en die -isme – en die toekoms

Om af te sluit: die verskil tussen die -eit en die -isme kan as die verskil tussen die feitelike gegewe en die ideologie wat op dié gegewe gebou word, beskryf word. Dit sou egter op 'n oordrywing neerkom, want nie elke -isme neem die vorm van 'n party-en-program ideologie aan nie. Aanhangers van die sosialisme, liberalisme en nasionalisme sal al drie kan aanvoer dat hulle nie ideologiese aanhangers of blinde dissipels daarvan is nie, maar iets soos bv. "classical liberalism" aanhang. In elke geval word liberalisme, nasionalisme en sosialisme deur iets soos liberaliteit, nasionaliteit en (noem dit maar) sosialiteit onderlê, of soos Louw gesê het, die groot intuïesies van individuele vryheid, nasionale selfbeskikking en sosiale geregtigheid. Die -isme sou in elke geval eintlik op 'n prioriteit neerkom: om meer waarde aan individuele vryheid, of aan kulturele uitdrukking, of aan sosiale geregtigheid as aan die ander twee te heg – om die ander twee aan die gekose waarde ondergeskik te stel.

Ook hierin het Louw in die finale instansie geoordeel, gekies. Elke aanspraak op prioriteit sou sy aanhang en argumente hê, maar vir 'n Afrikaner, in Suid-Afrika, in die twintigste eeu, gegewe ons uitdagings en die magsbalans eie aan ons omstandighede, sou dit ons ondergang wees om nasionale selfbeskikking aan óf individualisme, óf sosialisme ondergeskik te stel. Boonop is nasionalisme die een prioriteit wat, as dit met 'n genoegsame sin vir wederkerigheid gepaard gaan, inderdaad vanself, van binne uit aan beide individuele vryheid én sosiale geregtigheid uitdrukking gee. Van die skouspelagtigste opheffingsuksesse en van die indrukwekkendste individuele prestasies in die geskiedenis is al op die grondslag van nasionalisme bereik. Ons eie geskiedenis getuig immers daarvan.

Waarvoor Afrikanernasionalisme – sosiaal of liberaal – nie toegerus was nie, was sy eie ondergang, die ondergang wat deur nasionale liberalisme bewerk is. Om aan die liberalisme prioriteit te gee en geregtigheid te beskou asof dit 'n funksie van individuele vryheid eerder as van gelykheid of sosiale geregtigheid sou wees, was 'n dubbele vergissing en alles wat ons vandag aanskou, getuig daarvan. Die liberalisme sou ons nóg vir die konflik van kulturele onaanpasbaarheid, nóg vir die impuls om gevestigde ongelykheid rewolusionêr omver te gooi, voorberei. Met die naïewe veronderstelling van sy eie neutrale rasionaliteit, sou die nasionale liberalisme, veral in soverre dit tot volksideologie gemaak is, eenvoudig nie raad weet met die krisis van ons dag nie.



En wat die dié krisis? Presies wat nasionaliste voor ons vir 'n eeu of meer voorsien het: dat as ons nie na ons eie bestaansvoorwaardes omsien nie, ons nie moet verwag dat enigiemand anders dit sal doen nie – en dat individuele oorlewing vër nie dieselfde as die welstand van ons nasionale gemeenskap, ons volk is nie. Afrikanernasionalisme het alles in werking gestel om te voorkom dat ons beland waar ons beland het. Juis daarom dat dit vir anti-Afrikaners so belangrik was om, ter wille van die vereenvoudiging van die Suid-Afrikaanse probleem, daardie nasionalisme uit die vergelyking te verwyder. En met al die raad wat die nasionalisme ons kon gee om die dilemma waarin ons ons nou bevind te vermy, het dit nie raad gehad vir as ons eers daarin is nie.

Daarvoor het dit mettertyd té veel net ideologie geword. Maar om nasionalisme weer, soos Louw, as tradisie te beskou, verander die saak. Dit gee ons nog nie weer 'n program-en-party soos die NP dit in sy hoogbloei beliggaam het nie, maar dit open die moontlikheid tot die intellektuele, selfs aristokratiese greep op ons bestaanskrisis, sowel as tot die prakties noodsaaklike, selfs ideologiese *strategie en taktiek* – om nou maar by daardie meesters van *beeld en manipulasie*, die ANC, woorde te leen.

Want sonder 'n sin vir strategie en taktiek is sukses nie moontlik nie. Ons het dit nodig en ons is, goddank, besig om dit te ontwikkel. Maar sonder 'n sin vir tradisie, groot beskou, maar ook met die oog op ons eie kleiner, maar nie onbenullige tradisie nie, is die beste strategie en taktiek op die duur tot mislukking en vergetelheid gedoem. Dit bly ons keuse en uitdaging om in ons tyd en omstandighede die drumpel te kruis en die onvoorsiene toekoms tegemoet te tree – nie as 'n ramp nie, maar as 'n geleentheid.

Daarvoor het ons, met ons eie beskrywing eerder as ons opponente s'n van wat dit beteken, weer *nasionalisme* nodig.

Niks is gewaarborg nie en alles is nie moontlik nie, maar alles is nie verlore nie en wat ons in alle nugterheid kan dink, dit kan ons ook doen. Luister weer na Louw se beeld, want daarin is ook krag en inspirasie opgesluit:

My boot skiet rasend oor die see,  
die vrees vlieg soos 'n wit voël mee:

moet hy nie sink as hy gaan staan?  
(iets donkers gryp-gryp onderaan).

My vaart is wankel ewewig  
tussen swart see en hoë lig.